



LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD
Sondag 14 Oktober 2012

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 145:1,2 & 5	Bl.696	Psalm 89:1 & 6	Bl.444
2.	Psalm 38: 7 & 8	Bl 191	Psalm 19:1 & 2	Bl.82
3.	SB 2-4: 1 & 3		Psalm 138:2	Bl.670

BYBELSTUDIE GROEPE




Sondag aand 14 Oktober in die konsistorie – Ons behandel Hebreërs.

Woensdag oggend 17 Oktober – konsistorie om 10:00.

Omdat Jy Jy is

Jy weet dit dalk nie eens nie,
maar daar is iemand wat jou raaksien,
iemand met baie waardering
vir alles wat jy doen en sê.

Dankie dat jy 'n voorbeeld stel
wat enigeen met trots kan navolg –
Dankie dat jy is soos jy is.



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 14 Oktober 2012

Nommer 28

Ds. Andre de Jager



PREKE VANDAG

Oggenddiens

Tema: Ons genadige God roep ons tot verantwoording vir ons sonde.

Lees: Genesis 3:1-19

Teks: Genesis 3:9

Ons eerste reaksie as sondige mense wanneer ons op ons sonde gewys word, is dikwels om te wil wegkruip.

Op al die maniere probeer ons die lelikheid van ons sonde vir God, vir ander mense en vir onself wegsteek.

Uit die gedeelte wat ons vanoggend hoor is dit egter duidelik dat ons dit nie kan bekostig om dit te doen nie.

Aanddiens:

Teks: 1 Samuel 4:1-11

Teksvers: 1 Samuel 4:3

HK Sondag 35 Vraag en antwoord 96

Tema: Dien God soos wat Hy wil

In Christus word die tweede gebod van ons Here om nie 'n gesnede beeld te maak nie, nie net 'n verbod op eiewillige godsdienste nie, maar 'n geleentheid om 'n lewende beeld tot eer van die Here te word.



LIEF EN LEED




- **Dr Nico en Sr Tersia van der Merwe** (Wyk 8 – 073 547 8536) se skoonseun is Dinsdagoggend oorlede. Ons het gereeld voorbidding gevra vir hierdie gesin en broeder en versoek dat die voorbidding steeds sal voortgaan gedurende die tyd van heling na die verlies. Ons bid elkeen die vertroosting van ons Hemelse Vader deur Sy Heilige Gees en ondersteuning van medegelowiges toe.
- **Br Jan Viljoen** (wyk 25 – 018 468 8659) word hierdie week Woensdag (17/10) in Pretoria geopereer. Ons bid en vertrou dat die behandeling suksesvol sal wees en dat die herstelproses glad sal verloop.
- **Sr Emma Bezuidenhout** (wyk 17 – 018 468 1372) het hierdie week weer toetse ondergaan en ons vertrou dat die uitslag positief is.
- **Br Phil Jooste** (wyk 3 – 083 290 4416) is die afgelope week gehospitaliseer na 'n hartaanval. Dit gaan al soveel beter dat hy op

Saterdag onslaan is. Ons bid hom en Sr Shirley sterkte toe met die herstelproses.

7.

BORG - 'N - BYBEL



Alle lidmate word aangemoedig en opgeroep om vanjaar deel te wees van hierdie grootse aksie. Die fokus is vanjaar op die Bybel, en nie bloot op die geld wat bygedra word nie.

MIKPUNTE:

1. 'n Standaard-Bybel kos tans **R52.00**.
2. Borg-'n-Bybel-aksie word vanjaar afgesluit op **28 Oktober**.
3. Ons mikpunt is dat **elke lidmaat** 'n Bybel sal borg. Dit beteken dat ons gemeente minstens 316 Bybels sal borg.
4. Ons gemeente hou die **jaarlikse muntlegging** vir Bybelverspreiding op Sondag 28 Oktober
5. Ons het tot op datum (Oktober storting) **319 Bybels** se gelde ontvang.
6. Hartlike dank aan elkeen wat gehoor gegee het aan hierdie oproep en so meegewerk het om God se Woord aan andere beskikbaar te maak.




Koeksisters

Bestanddele benodig : Olie / Suiker / Kontant bydrae gemerk Koeksisters asb. Die susters beoog om elke tweede maand koeksisters te bak om die susterskas aan te vul. Uit hierdie fondse word funksies vir Senior lidamate, donasies vir kerklike instansies, aankope vir Sondae se teedrink, ens gedoen.

Die koeksisterverkope van Oktobermaand het 'n bedrag van R2144.70 opgelewer. Baie dankie vir ieder en elk se bydrae dit word opreg waardeer.

4. SIMBAAL 14 Oktober 2012

KOLLEKTES		
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
14 Oktober	Barmhartigheid	GKSA Sustentasiefonds
21 Oktober	Barmhartigheid	Sustentasië - Khuma
28 Oktober	Barmhartigheid	Bybelverspreiding
4 November	Barmhartigheid	Sustentasië - Khuma
		
GEMEENTEPROGRAM		
Sondag 14 Oktober tot Saterdag 20 Oktober 2012		
Sondag 14 Oktober	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 14 Oktober	Katkisasie Les 22	10:30-11:15
Sondag 14 Oktober	Aanddiens	18:00-19:00
		
TEESKINKBEURTE		
Sondag 14 Oktober	Wyke 15 & Vrywilligers	
Sondag 21 Oktober	Wyke 16 & 17	
Sondag 28 Oktober	Wyke 18 & 19	
Sondag 4 November	Wyke 20 & 21	
VERJAARDAE		
30 September 2012 tot 20 Oktober 2012		
Van harte geluk met jou verjaardag hierdie week. Die seën van die Here word jou toegebied.		



0930	Jacqueline	Evert	02	0796202930
0930	Monica	Grobler	19	082 532 2162
1001	Mienkie	Blignaut	01	
1002	Lidie	Botha	12	083 279 2054
1002	Johanco	Evert	02	
1003	Riana	White	25	082 924 9131
1004	Louis	Strydom	11	082 583 9104
1006	Ben	Hanekom	07	083 308 5052

1007	Anzel	Joubert	15	0828789828
1008	Piet	Putter	21	083 626 5565
1008	Sonyen	Steenkamp	02	018 468 2647
1009	Leandrie	Steenkamp	20	082 468 8764
1010	Kyla	Lubbe	24	
1011	Wilna	Hulshoff	17	072 556 9011

SIMBAAL 14 Oktober 2012

5.

1012	Riaan	Smit	19	083 562 1370
1014	Alf (Jnr)	White	25	082 379 5322
1017	Phillip	Nortman	17	076 627 1734
1018	Louisa	De Klerk	16	018 468 3431

Ons bied verskoning aan vir die nalaat van verjaardae 30 September tot 13 Oktober wat nie gepubliseer is voor die skoolvakansie nie. Ons vertrou dat u 'n heerlike dag gehad het en dat u nuwe lewensjaar geseënd sal wees.



BEROEPE ONTVANG

* Ds HB Coetsee van Ontdekkers na George.

* Dr VE d'Assonville van Marble Hall en Reformatories-Teologiese Seminaar, Hannover, Duitsland na Vryburg.

BEROEPE AANVAAR

* Proponent SJB Lee na Ladybrand/Tweespruit-kombinasie.

* Ds KP Steyn van Empangeni na Potchefstroom-Oos as medeleraar.

* Ds W van den Heever van Rietvallei na Vryheid.

BEROEPE BEDANK

* Ds JA Berg van Vaalwater na Jeffreysbaai.

* Ds RN Makungo van Trans-Letaba na Malamulele.

* Ds TJ van Vuuren van Heilbron na Newcastle.



SIMBAAL 14 Oktober 2012

3.

Van die Kerkraadstafel.

Die Kerkraad het die afgelope paar maande voor 'n wesentlike probleem te staan gekom – ons broeders is nie gewillig of bereid om as ouderlinge te dien nie. Ons het ook 'n aantal broeders oudelinge wat om verskeie redes ontslag uit die amp gevra het.

Om bogenoemde redes het die bedieningskommissie 'n herindeling van sommige wyke gedoen om volgehoue bediening te verseker.

Wyke 10 en 15 se lidmate is verdeel en hierdie wyke bestaan nie meer nie.

Lidmate

Ou wyk 10

Sr Anna Smit
Johan en Betsie Rust
Chris en Ansie Jansen van Vuuren
Petro Merensky
Gesin Oosthuizen

Nuwe wyk

13 Oud Tienie Botha
28 Oud Martin van der Merwe
26 Oud Vic van der Walt
24 Oud Hendrik Scheepers
19 Oud Peet Buys

Ou wyk 15

Wilna van der Merwe
Rachel Roffey
Melanie Joubert
Pieter en Mariana Aucamp
Martin en Sophia van der Merwe
Faan en Bienkie du Preez
Peet en Lena Buys

13 Oud Tienie Botha
13 Oud Tienie Botha
18 Oud James Cunningham
2 Vakant
21 Oud Chris Buys
20 Oud Francois Snyman
2 Vakant

Ander indelings

Martell van der Walt & Franco
Piet en Gerda Putter
Marthie Kruger
Ben Badenhorst

28 Oud Martin van der Merwe
3 Oud Koos van den Berg
11 Oud Piet Kruger
27 Oud Pieter Aucamp

Ons versoek lidmate om nuwe inligting mbt telefoon, selfoon, e-pos adresse en woonadresse na te gaan soos in die geel boekie of op die lys teen die aansteekbord in die konsistorie (mees onlangse) en enige wysigings op die

lyste by hoofdeur, orrel en konsistorie aan te teken. Die inligting wat vroeër vanjaar aangeteken is, is reeds opgedateer op die databasis.



Kategete vir 2013

Ons benodig kategete vir Gr 3 & Gr 5 vir volgende jaar. Kontak Hennie Oosthuizen indien u bereid is om deel te word van ons verbondsonderrig.

6. 2012

SIMBAAL 14 Oktober

Pik en Proe Ete

Vrydag, 23 November 2012 Koste : R50 per persoon, R30 laerskool kinders, kleuters gratis. Meer inligting volg later.

Wyksvertegenwoordigers sal weer genader word vir hulp. Merk solank die datum op jou kalender.



'n Groot dankie aan al die susters wat vir my 'n week lank aandete verskaf het, dis was heerlik. Dankie aan almal wat vir my in die hospital kom kuier en gebid het. Ek waardeer dit opreg. Wilna van der Merwe



SWAKHEID, DIE KEERSY VAN STERKTE

So dikwels is gelowiges die heel kwesbaarste juis daar waar julle meen hulle sterkste kwaliteite lê. Die Bybel bevestig dit:

- Abram, die man van geloof, faal deur ongeloof (Gen 12:10-20)
- Moses die geduldige, deur ongeduld (Num 20:11-12)
- Salomo die wyse, deur dwaasheid (1 Kon 11:1-8)
- Elia die onverskrokkene, deur vrees (1 Kon 19:3)
- Johannes die liefdevolle, deur wraaksug (Luk 9:54-55)
- Petrus die voortvarende, deur lafhartigheid (Matt 26:69-75)

Daarom, het die skrywer op 'n keer gesê, moet ons nie in die voetspore van die heiliges probeer loop nie, maar eerder in die voetspore van hulle geloof.

Die gelowige se krag lê nie in die dinge waarin hy uitmunt nie, maar in sy afhanklikheid van die Here. Hoe meer 'n mens bewus is van jou afhanklikheid, hoe meer sukses behaal jy.



Pensioenaris beskikbaar om nutswerkies te verrig.

Kontak Br Corrie Botha 083 429 4824